# DIE WAPAD

STUDENTEBLAD van die P.U. vir C.H.O.

DEEL XI. Woensdag, 23 Mei, 1956. Nr. 5


# P.U.K. Wen die Intervarsity!

## Roemryke sege vir Theos.

**Saterdag, 12 Mei, was sommer weer 'n rooiletterdag vir die Pukke! Toe Theos so kleingeld maak van die Oukies, was die terugslae van die oggend en die vroeë middagure skoon vergete en kon daar niks bygevoeg word by die blydskap van die Pukkies nie.**

Toe Stoney presies om 4 nm. sy manne op die pragtige nuwe Vrystaatstadion op die veld gelei het en geluister het hoe die Alma Mater en die Oorlogskreet aangehef word, was al wat Pukkie was maar baie benoud, maar toe die eindfluitjie blaas, was die hele P.U.-massa een juigende, seevierende menigte toe die oorlogskreet weereens die lug in gedawer het.

Op watter wonderlike rugby het die Theos ons nie vergas nie! Intervarsityrugby is altyd mooi, maar dit is lanklaas wat ons rugby gesien het wat kan opweeg teen verlede Saterdag se vertoning van Theos, terwyl ons ook gladnie wil afdoen aan die mooi spel van die Oukies nie. Hulle het puik gespeel, maar die Pukke was net eenvoudig te goed vir hulle.

### VERLOOP VAN DIE SPEL.

Om presies 7 minute oor vier het Cecil Harrington die bal afgeskop om die gedenkwaardige wedstryd 'n aanvang te laat neem. U.O.V.S. het onmiddellik tot die aanval toegetree en het vir die eerste tien minute pal op Puk doellyn geboer.

Na twaalf minute is hulle kwaai aanvalwerk beloon, toe hulle regtervleuel, Gawie Botha, na 'n mooi agterlynbeweging in die hoek, duime van die kantlyn oorgegaan het. Die vervyfskop was mis, maar dinge het sleg gelyk vir Theos.

Nou het Theos egter reggeruk en voordat U.O.V.S. geweet het waar hulle was, was hulle reeds agter in punte. Die bal het vinnig uitgekom na Cecil wat dadelik na Hennie laat loop het. Hy het die bal op die halflyn gekry, gemaak-maak of hy wou uitgee, deur 'n gaping gegly en net toe hy vasgevat word, laat loop na Kort Stoney wat soos 'n vetgesmeerde blits na binne gebreek het, die heelagter getrek het en net op die regte oomblik vir Nokkels wat aan sy buitekant omgekom het, laat loop het om oop te lê doellyn toe vir 'n skitterende drie, wat net so puik deur Lang Stonie vervyf is.

Vyf minute voor halftyd het Lang Stonie 'n lieflike strafskop van tenminste 45 tree deur die pale geklits om die telling met halftyd 8—3 in Puk se guns te maak.

Halfpad in die tweede helfte was dit Cecil Harrington wat, nadat Pine Pienaar om die skrum gebreek het en die bal op die kwartlyn aan Cecil besorg het, skitterend dwarsdeur die hele Oukies-verdediging gebreek het en onder die pale oorgeduik vir die mooiste drie van die dag. Weereens het Lang Stonie geen fout gemaak nie en die telling was 13—3.

Hierna was dit veral die Puk-voorspelers wat met dribbellope en kortaangeë telkens die Oukies gryshare gegee het, maar Theos kon net nie weer deurkom nie. By een geleentheid het Blom lieflik deurgenael, maar die skeidsregter het beslis dat daar vooraf 'n fout begaan is. Tien minute voor die einde het Ferreira vir U.O.V.S. met 'n strafdoel geslaag. Hoewel U.O.V.S. hierna verwoed probeer punte aanteken het, was die Theos-verdediging heeltemal ondeurdringbaar, en was die einduitslag 'n briljante oorwinning vir Theos met 13—6.

Stonie Steenkamp was in die wedstryd eenvoudig begeester en het onverbeterlik vertoon. Hennie van der Walt en Nokkels was briljant beide op aanval en verdediging, terwyl Cecil nieteenstaande herhaalde besering, 'n skitterende wedstryd gespeel het. Ag, die hele span was tiere! En ons kan alleen aan Theos sê: Vat so, vir 'n puik wedstryd!

# Die NAVY doen dit weer!!

Getrou aan die tradisie was die Navy verlede Saterdag weer eens een te veel vir U.O.V.S. en het hulle 'n welverdiende, hoewel naelskraap oorwinning van 6—3 behaal. Hiermee het hulle inderdaad die grondslag gelê vir Theos se roemryke oorwinning, wat soveel meer betekenis aan hulle eie oorwinning verleen.

Hoewel daar min punte aangeteken is, was die wedstryd deurgaans interessant en aanskoulik, terwyl sowel voor- as agterspelers van die Puk hulleself oortref het.

Die uitstaande voorspeler op die veld was ongetwyfeld H. B. van der Walt, die ywirige Navy-agsteman, terwyl Don Human en Dick Daly, van die agterspelers telkens goeie werk verrig het.

# P.U. vereer deur besoek van drie vooraanstaande geleerdes.

Gedurende die loop van die kwartaal was die Universiteit in die bevoorregte posisie om drie vooraanstaande geleerdes uit die buiteland vir 'n paar dae te kon huisves,

**PROFESSOR J. N. SEVENSTER** hoogleraar in Nuwe Testamentiese vakke aan die gemeentelike Universiteit, Amsterdam, 'n gesaghebbende op die gebied van sy vak, het voor die studente van die Teologiese Skool en Universiteit opgetree met 'n lesing oor die ontwikkeling van die begrip „Onsterflikheid" by die Stoa en in die Nuwe Testament. Met waardering is deur die Teoloë melding gemaak van die algemene behoudende standpunt deur hom ingeneem.

**Ds HOWARD HAGERMAN** leraar van die Reformed Church te Newark, V.S.A., was ook op 'n kort besoek aan die Universiteit. Hy is lektor aan die Teologiese Seminarium van New Brunswick in Homiletiek en Liturgiek en 'n bekende skrywer van teologiese boeke. Wat veral getref het in die lesings wat hy gehou het, was die Gereformeerdheid van sy denke en opvattings. Dit het duidelik na vore gekom in die lesing wat hy voor die Geloofsleerklas gelewer het, uit sy standpunt: sola scriptura, sola fides en soli Deo gloria.

**PROFESSOR P. J. BOUMAN** was die derde besoeker. Hy kom van die Universiteit van Groningen waar hy Professor in die Sosiologie is. Hoewel hy vroeër ekonoom was, is hy tans een van die bekendste sosioloë in die wêreld en skrywer van die bekende „De Weg Der Eensames". Hy het opgetree met twee lesings voor die sosiologiestudente en een voor die studente van die Fakulteit van Ekonomiese Wetenskappe.

**Studente . . . !!**

Vir al u

- Handboeke,
- Skryfbenodigdhede,
- Leertasse,
- Geskenke, ens.!

BESOEK ONS EN WEES VERSEKER VAN GOEIE DIENS

**POTCHEFSTROOM BOEKHANDEL**

Kerkstraat 90 — Telefoon 497

**DIE BULT FIETS- en SKOENREPARASIE-WINKEL**

LANGS WELKOM-KAFEE.

Besoek ons vir betroubare werk en spoed!

FIETSE, SKOENE en FIETSONDERDELE.

MNR. J. S. DU PLESSIS,

U VERTEENWOORDIGER VAN

**REMBRANDT**

Meyerstraat 9 — Telefoon 897

POTCHEFSTROOM.

**DAMES!!**

Kom koop al u benodigdhede hier op die BULT teen baie redelike pryse.

OOK ALLE TOILETWARE.

**CACHET MODES (EDMS.) BPK.**

TOMSTRAAT 56A — FOON 1389

POTCHEFSTROOM

**S.A.N.L.A.M.**

Word verteenwoordig deur

MNR. VENTER,

Noordbrugweg 3 — Telefoon 1247,

POTCHEFSTROOM

Vir al u Assuransiepolisse en Versekerings.

BESOEK—

**HARRY JEDEIKIN**

VIR

BOUMATERIAAL TIMMERHOUT en YSTERWARE.

TEVREDENHEID GEWAARBORG

Foon 639 115 Kerkstraat

VIR . . . . .

VIS, ERTAPPELS, VERVERSINGS, ens.

Von Wiellighstraat 13, POTCHEFSTROOM.

**WELKOM KAFEE**

**J. P. van der WALT APTEEK**

Kerkstraat 111 — Potchefstroom.

„ONDERSTEUN 'N OUD-P.U.-KANER!"

Ek voorsien ALLES wat van 'n APTEEK verlang word.

**DAVY ROBERTSON KUNSSENTRUM**

Vir die Mooiste

PORTRETTE en RAME

SANLAM-GEBOU

**I. GLASER**

H/v 137 Kerkstraat en Autolaan

OMEGA en TISSOT

HORLOSIES

JUWELIER

Bus 206 Tel. 164 & 1167

H/v. Wolmarans- en Van Riebeeckstraat

**CENTRAL CASH STORE**

POTCHEFSTROOM

Vir Vars Vrugte,
Groente,
Kruideniersware,
Damesuitrustings,
Kombuisgereedskap.

ONS IS DIE BILLIKSTE IN DIE DORP.

**JAY'S GARAGE**

(K. NOBEL, Eienaar)

Lombardstraat 5, Foon 175,

POTCHEFSTROOM

Voorraadhouers en Handelaars in

- MASSEY-HARRIS TREKKERS
- PLAASGEREEDSKAP,
- PLANTERS en STROPERS,
- S.A.F.I.M. en WILDBOAR-IMPLEMENTE, ens.

**BLITZ!...**

DROOGSKOONMAKERS

Stuur u klere na ons . . . ons sal weet wat om daarmee te doen!

**DIE BULT SKAATSBAAN**

„PUKKE, ondersteun ons vir AANGENAME ONTSPANNING!"

Oop vanaf 7.30 in die aand

Phone 369 Foon 369

POTCHEFSTROOM

For/Vir

**"SUNFROZE"**

**Roomys — Ice Cream**

**LOOCK Kleremakers**

Calderbanksgebou,

Kerkstraat 102 — Telefoon 855

POTCHEFSTROOM.

**J. HEIDEMA**

Vir

FIETSE,

TIKMASJIENE

en

MOTORFIETSE

**J. HEIDEMA**

(teenoor Geref. Kerk.)

Kerkstraat 30,

POTCHEFSTROOM.

Drink **S & S** en Geniet

DIE BESTE

**SUPER ORANGE**

**TING-A-LING**

**PEP-A-DILLA**

**TOP HAT**

SHERR & SHAKINOVSKY

POTCH. MINERAL WATER FACTORY

Phones 16 & 1144 P.O. Box 134

Die Wapad

Woensdag, 23 Mei, 1956

**Offisiële Studentekoerant van die P.U. vir C.H.O.**

# Die Tomlinson-verslag vereis intense belangstelling.

Dikwels is daar al gesê — en soms ook op spottende wyse — dat dit eendag die plig van ons studente sal wees om as leiers in ons volkslewe op te tree. Ons besef aan die een kant terdeë dat wanneer 'n mens die Universiteit verlaat, dit moeilik gaan om eers jou voete te vind, en dat dit lyk asof 'n mens nie juis vordering kan maak nie. Dan kom daar skynbaar min van tereg om as leier op te tree. Aan die ander kant besef ons ook terdeë dat dit absoluut nodig is om in enige volkslewe gestudeerde mense te kry wat die nodige kennis het om dinge aan te pak.

As dit dan wel waar is dat ons studente eendag die leiding in die volkslewe moet oorneem, dan het daar in die jongste tyd iets gebeur wat werklik nie ons aandag mag verbygaan nie. En dit is die verskyning van die Tomlinson-verslag. Veral die mense in wie se gebied dit lê, sal die las hê om 'n studie daarvan te maak en te sorg dat die hele saak onder die deeglike aandag van die studente-massa kom. Want 'n mens kan maar sê wat jy wil, maar die verhouding van die blanke in Suid-Afrika tot die Naturel en die optrede van die blanke teenoor die Naturel is van die grootste belang.

En of dit nou die taak van ons studente is om hierdie saak ook te ondersoek? Ja, seker. Dit bewys ook al die arbeid wat in hierdie verband deur die A.S.B. gedoen word met sy pos op die Hoofbestuur van Direkteur van Rasse-aangeleenthede, en verder ook met die besprekings op die Kongresse oor die verhouding van die studente tot die naturelle-studente. Dit is jammer dat die verslae wat telkens voor die kongres dien van die betrokke Direkteur, nie ook onder die aandag van die plaaslike takke gebring word nie. Jammer is dit eintlik dat al ons studente nie die kongresse kan bywoon nie. Want wat daar bespreek word, word nie ligtelik gedoen nie en dit is werklik die plek waar ons studente opgelei word ten opsigte van hierdie saak sodat hulle ook eendag in die volle volkslewe sal weet waar hulle staan en ook bewus sal wees van die tradisionele Afrikaner-beleid oor hierdie saak.

Maar voorts is dit sekerlik ook ons taak om dit aan te pak omdat ons nie net na die Universiteit gekom het om onderrig te ontvang in die bepaalde vak waarin ons kom studeer het nie, maar ons het sekerlik ook na die Universiteit gekom om gevorm te word vir die lewe. En as dit so is dat die P.U. vir C.H.O. kan aanspraak maak op die naam AFRIKAANSE VOLKSUNIVERSITEIT, dan kan ons ook goed besef watter taak op ons rus ten opsigte van hierdie saak.

Ons kan ook daarby die politieke konsekwensies van hierdie verslag nie oor die hoof sien nie, want as burgers van hierdie land is dit ook ons plig en roeping om die politieke neigings te volg en ook ons stem te laat hoor wanneer nodig. Maar dit beteken nie dat ons die hele saak net vanuit 'n politieke oogpunt moet sien nie. Ons moet dit in die eerste plek sien vanuit die standpunt van mense wat deel van 'n volk is wat met hierdie betrokke probleem te kampe het en wat in die eerste plek net die beste wil soek vir sy volk omdat hulle die volk waaraan hulle behoort, lief het.

En daarom sou dit pligversaking wees as ons die saak maar sommer laat verbygaan of selfs as ons daaraan aandag gee omdat ons nuuskierig is om te sien wat daar gesê is. Maar omdat ons voel dat die probleem ons ten diepste raak, dat dit ons eie probleem is, mag ons nie hierby verbygaan sonder om die volle aandag daaraan te gee wat van ons gevra word nie. En dit moet ook nie as 'n offer beskou word nie, alhoewel geen offer vir ons volk te groot kan wees nie, maar dit moet ons liefde wees, ons voorreg om ook ons belangstelling te gee vir ons volksake.

As dit die houding is waarmee ons hierdie verslag benader, sal die vrugte daarvan sekerlik ook nie uitbly nie, nie alleen wat die onmiddelike toekoms betref nie, maar dan veral ook in ons latere lewe wanneer ons met albei voete staan in die volkslewe waaraan ons alleen ons beste wil gee.

## Oordenking

# WAARHEEN JAAG ONS?

**Pred. 3:1:— „Alles het sy bepaalde uur, en vir elke saak onder die hemel is daar 'n tyd."**

Ons hoor dikwels die stelling en soms is dit 'n klagte: Die lewe is gejaagd.

Inderdaad is dit so. Dag en nag van Sondag tot Sondag dreun die koekepanne en swaar hysbakke in ons myne; Dag in, dag uit dreun die treine op hulle spore verby. In die strate skuur mens verby mens, almal op 'n drafstap, heen-en-weer. Elkeen het sy bestemming waarheen en sy plek waarvandaan. So skuur kar verby kar almal op jaag na 'n bestemming.

In die lug dreun vliegtuie, belaai met mense ook na 'n bepaalde bestemming met 'n bepaalde doel. Alles moet ook vinniger en vinniger gaan. 'n Onophoudelike gejaag en gedreun. Alles tog ook uiteindelik vermoeiend.

In ons studentelewe voel ons ook seker soms die gejaagdheid skerp aan en word seker ook slagoffer daarvan.

Dit jaag heen-en-weer van 8.00 vm. tot 6 nm. na klasse toe en van klasse af. Dit is 'n stroom heen-en-terug na die biblioteek. Daar is 'n kom-en-gaan na vergaderings toe. Een stroom van vroeg in die oggend tot laat in die aand. Soms word daar skaars tyd gegun om rustig te eet; Skaars tyd vir dank oor die tafel.

So streef die een verby die ander; So streef die een hoër as die ander.

Die Prediker sê vir ons alles is tevergeefs en 'n gejaag na wind. „Watter voordeel het hy wat werk, daardeur dat hy hom vermoei."

Die Prediker spreek egter ook rustige taal: „Alles het sy bepaalde uur." Dit is of hy vir ons wil sê: „Moenie so haastig wees nie, so jaag nie, neem die sake rustiger en kalmer". Inderdaad, ja, as ons na hierdie woorde luister moet daar rus oor ons kom.

Wat meer is, hy sê dat die Here alles mooi gemaak het op sy tyd (vs. 11). Dit gee vir ons die sin van alles: Elke ding het sy tyd en die Here het dit so gemaak.

Dit bring vir ons alles in perspektief. Alles wat ons doen moet Soli Deo Gloria wees. Alles moet rustig op sy tyd gedoen word. Geen moeitevolle gejaag nie, maar alles kalme pligs- en roepingsvervulling. Alles vir die Koninkryk van God, niks vir ons eie voordeel nie.

So gesien kry ons kalme arbeidsaamheid, rustige arbeid. Of anders: 'n Uiteindelike senuwee-ineenstorting.

H. J. v.d. Walt.

**REDAKSIE**

E. J. Smit (Hoofred.), F. W. de Klerk (Asst.-hoofred.), P. J. S. de Klerk, D. C. Coetsee en mej. M. Stoker (Nuus), mej. H. E. Dekker (Kuns), J C. Coetzee en mej. E. C. L. Seyffert (Sport), H. J. van der Walt, P. J. de Bruyn en mej. J. Erasmus (Varia), P. Brandt (Aflos) en C. Harrington (Fotograaf), mej. H. Rautenbach (Kuns).

**ADMINISTRASIE**

J. C. Hendriks (Sakebestuurder), A. G. E. Yssel (Advertensie-bestuurder) B. v.d. Walt, P. J. Riekert, H. Steyn, J. Hoogenboezem, C. J. Steenkamp, A. Pyper, J. le Roux, F. Roux, mejj. K. Pretorius, M. v.d. Merwe en A. Opperman.

**CORNER FRUIT STORE**

vir al u

- VRUGTE, LEKKERS,
- SIGARETTE,
- KOELDRANKE en
- VERVERSINGS.

VRUGTE en GROENTE.

Bekend vanweë sy UITSTEKENDE DIENS!!

KOM SIEN ONS—

vir al u

- Fotografiese

en

- Aptekersbenodigdhede.

**GEEN & VELLEMAN**

Kerkstraat,

POTCHEFSTROOM.




**„Kry 'n Kommando!"**

**Rook Kwaliteit teen Suid-Afrika se Gewildste Prys**

NET 1/2 VIR 20 FILTER, KURK OF SONDER KURK

Omdat Kommando dag vir dag by die miljoene verkoop, rook u geurvarse* topkwaliteit-tabak teen Suid-Afrika se gewildste prys. Daarom is Kommando ook die sigaret *waarom Suid-Afrika die meeste vra.* Gee Kommando 'n kans—en oordeel self!

* *Uit fabrieke in* **al vier die provinsies,** *kom Kommando-sigarette kwaliteitvars by die tabakwinkel . . . geurvars en genotvol by u!*

**DIS DIE KWALITEIT WAT KOMMANDO VERKOOP!**

G1/441-2A

**J. TOD SUTTIE.**

Komplete

**Mansuitrusters**

Vir al u KLERASIE en ander benodigdhede.

Kerkstraat 127 — Telefoon 1,

POTCHEFSTROOM

**WESTVAAL**

Studente !!!

VIR KWALITEIT DROOGSKOONMAAK

STUUR NA

**WESTVAAL**

**JOE'S MOTORS**

25 Kerkstraat Foon 923

HANDELAARS IN ONDERDELE

KOOP EN VERKOOP TWEEDEHANDSE MOTORS

ONS WAARBORG ALLE HERSTELWERK.

**PRESIDENT CAFE**

FOR:

- SWEETS,
- GRILLS

and

- COOLDRINKS.

**UNIE BAKKERYE**

Posbus 244 — Foon 167 en 1086.

BROOD, KOEK en PASTEITJIES.

Bakkers en Banketbakkers vir alle geleenthede.

TROUE-, VERJAARDAG- en DOOPKOEKE.

Kerkstraat 38, Potchefstroom.

Spoorwegstraat, Klerksdorp

**DIE ARCADIA HAARKAPPERS**

VIER GEKWALIFISEERDE HAARKAPPERS TOT U DIENS.

„Netheid en Kwaliteitswerk" is ons Leuse.

**Bedieners van Dames sowel as Mans.**

**MOOIRIVIER-APTEEK**

Kerkstraat 155,

POTCHEFSTROOM

Telefoon 380.

**Die Apteek vir Diens!!**

**MALAN MEUBILEERDERS**

S.A.N.L.A.M.-GEBOU, WINKEL NR. 3,

POTCHEFSTROOM.

•

**KOM BESOEK ONS VIR „DIENS"!**

**Ed. L. OOMS,** (N.S.T.O., N.V.V.O. Ned.)

- **OOGKUNDIGE.**
- **Brilspesialiteit.**

U oë getoets op modern-wetenskaplike metode.

Kerkstraat 129 — POTCHEFSTROOM — Telefoon 980

EIE OPTIESE SLYPERY.

Depot: CARLZEIS-JENA.

# Van Studenteraadswee

Met 'n Intervarsity wat nog tot in lengte van dae in herinnering geroep sal word, veilig in die geheue weggebêre en 'n tyd van gedwonge akademiese swoeë voor die deur, 'n hartlike gelukwensing en 'n woordjie van sterkte uit die Studenteraadskantoor.

**INTERVARSITY.**

Van alle kante is gelukwensing, ontvang, nie alleen vir die pragtige spel van Theos wat noodwendig tot oorwinning moes lei nie, maar ook vir die uitstaande gedrag van ons studente oor die algemeen. Aan al ons sportmanne, -vroue en -toeskouers: dit is die gees, Pukke!

Die optrede van ons geagte gashere het voorwaar ruim tot die sukses van die afgelope Intervarsity bygedra. Hartlik dank vir die mooi voorbeeld wat julle gestel het, Outjies: volgende jaar betaal ons met rente terug. Julle organisasie was puik, julle gasvryheid 'n riem onder die hart, en daardie groot aantal verwelkomers wat ryp en duister getrotseer het om ons op Bloemfonteinstasie af te haal, iets onvergeetliks.

**ATLETIEK:**

Aan die P.U.-atlete wat hulle so kranig op die driehoekige byeenkoms (UP., UW, P.U.) te Johannesburg gedra het, hartlik geluk. Dit ook aan die atlete wat ons naam met die Dalrymple-byeenkoms te Pretoria hooggehou het. Ons is trots op julle.

Die P.U.-Atletiekklub toon beslis vanjaar in vergelyking met vorige jare besonder veel lewe. Hiervoor verdien die bestuur en die afrigter, Prof. D. P. J. Smith, ons gelukwensinge. Mag atletiek binnekort sy regmatige posisie in ons studentelewe beklee!

**KLEURE.**

Soos u almal weet, het die Studenteraad van 1955 'n ooreenkoms aangegaan waarin Wes-Transvaal Sportwinkel (waarvan Oom Pan Coetzee die eienaar is) vir 'n periode van vyf jaar as die enigste verskaffer van P.U.-kleure aangewys is. Op hulle beurt moet Wes-Transvaal Sportwinkel alle materiaal van Veka kry, terwyl Veka weer die materiaal onderhewig aan sekere spesifikasies van die Buro van Standaarde moet vervaardig.

Tog het dit onlangs nog gebeur dat sekere van ons studente wat beter behoort te weet, kleurbaadjie-materiaal by Uniewinkels in Johannesburg gaan koop het. Afgesien daarvan dat hierdie materiaal van 'n baie swak gehalte is, is hierdie optrede direk in stryd met die bepalings van bogenoemde ooreenkoms.

Teen hierdie persone asook teen Uniewinkels word tans opgetree. Indien 'n herhaling van die gebeure egter sou voorkom, sal die Studenteraad nie anders kan as om op nog drastieser wyse ons kleure te beskerm nie.

**Ons kleure is 'n simbool van iets wat vir ons dierbaar is. En die materiaal waarvan hierdie simbool vervaardig word, moet van die beste gehalte wees. Juis om dit te verseker het die Studenterade van 1954 en 1955 'n omvattende ondersoek ingestel waarin onder andere ook die hulp van die Buro van Standaarde ingeroep is. En van hierdie ondersoek is die kleurekontrak van 13 September 1955 die vrug.**

Laat ons ons dan daaraan hou, Pukke — nie net bloot omdat dit 'n bindende kontrak is nie, maar ook omdat dit die doeltreffendste beskerming vir die gehalte van ons kleurbaadjies inhou.

**N.U.S.A.S.**

U Studenteraad word in die laaste tyd nogal taamlik lastig geval deur geaffilieerde sentra van die National Union of South African Students wat vir oulaas probeer stof opskop. So is kennis van twee mosies — albei teen die Afrikaanse Studentebond gemik — wat deur die S.R.C. van Wits eenparig aanvaar is, uit die pen van die sekretaris van die Wits S.R.C. ontvang. Hierdie twee mosies getuig nie alleen van 'n skandalige onkunde wat die doen en late van die afgelope A.S.B.-kongres betref nie, maar ook van paniese angs met die oog op die toekoms van eie bas. 'n Ewe powere memorandum oor die verhouding tussen NUSAS, die ASB en die International Students Conference (ISC) is ook ontvang.

Dinge soos hierdie is 'n kragtige bewys dat die ASB nou van sy wapens op die Achilles-hiel van die Onnasionale Sub-unie van 'n handjie Suid-Afrikaanse (?) Studente — wat nog steeds probeer voorgee dat hulle die oorgrote meerderheid van die Suid-Afrikaanse studente verteenwoordig — het. Die P.U. vir C.H.O. as geaffilieerde ASB-sentrum sal steeds kragdadiglik moet meewerk om die ASB-pyl hier Achilles-hiel te laat deurpriem.

**AANBOUINGS BY TOTIUS-GEDENKSAAL.**

Die aanbouings by die Studentesaal vorder fluks. Hopelik sal Oom Fred Venter en sy manne hulle werk om-en-by 31 Mei kan voltooi. Planne vir die dryf van die kafeteria is reeds deur die Studenteraad voltooi, en wag nog net op bekragtiging en uitbreiding deur die Raad van die P.U. vir C.H.O.. 'n Paar belangrike stukkies toebehore lê al reeds in die P.U.-store en wag om gebruik te word.

Tog bly daar in hierdie verband 'n groot haakplek. En soos dit gewoonlik met studente gaan, bestaan hierdie haakplek uit drie simbooltjies: £ s. d. (veral eersgenoemde). Ons hoef ons beslis nie blind te staar op die skuld van etlike duisende ponde wat binne 'n maand of twee, drie op ons skouers gaan druk — al is dit ook naas die £1,068 wat nog op die Totius-gedenksaal afbetaal moet word — nie. Maar toelaat dat ons studentelewe vir die volgende vier of vyf jaar feitlik aamgeslaan word deur hierdie las, kan ons ook nie.

**Die skouer dan weer aan die wiel —soos in 1953 toe die daadwerklike bydrae van elke student die verwesenliking van 'n lang gekoesterde ideaal, 'n doeltreffende Studentesaal, moontlik gemaak het.**

U hoor later meer in hierdie verband.

**STOOR.**

Waar ons tot op datum met 'n klein, ondoeltreffende hokkie opgeskeep sit, — wat nogal met die naam „argief" vereer word — sal die aanbouings by die Totius-gedenksaal ook voorsiening maak vir 'n aparte argief, diskoteek en stoor. Vir eersgenoemde instansies bestaan daar reeds reglemente en 'n personeel. 'n Stoor-reglement is pas opgestel en 'n personeeltjie benoem. Sterkte aan T.A. van der Walt (stoorman) en L. Venter (ass.-stoorman).

**ALGEMEEN.**

Laat ons dit wat eie is aan ons volk, steeds eer en verder uitbou. Met twee onlangse konserte in die Totius-gedenksaal het die invloed van oorsee gevaarlik na vore gekom. Ook ons musiek moet tog vasgewortel wees in dit wat die skat óf van die hele beskawing óf tenminste van ons volksaard, is.

Besture wat moet toere reël: onthou dat u onder geen omstandighede persone mag nader om as Senaatsverteenwoordigers (reisouers) op te tree nie. Dit is ook nie u saak om uit te vind of hulle beskikbaar is al dan nie.

**Laat ons kleredrag by akademiese geleenthede akademies wees. Oordeel maar self of sandale en oopnekhemde akademiese drag is.**

T. v.d. W.

# Op die S.R.-Tafel

1 Mei — 15 Mei

- Kleure.
- Dalrymple.
- Stoor.
- Studentehandboek
- Inter-universitêre korrespondensie.
- Aanbouings Totius-gedenksaal.
- Reorganisasie van ons studentelewe.
- Kleredrag.
- Intervarsity.
- Toere.
- P. W. Buys-dagboek.
- Inlywing.
- Finansies.
- Konstitusies en Huishoudelike Reglemente.



# VAN DIE REDAKSIE

Reitzstraat 41,
Potchefstroom.
23 Mei 1956.

Geagte Pukke,

Dis darem lekker om Puk te wees na so 'n Intervarsity. Ons wil graag ons hartlikste gelukwensinge oorbring aan al die spanne wat so goed vertoon het op die Intervarsity. Veral die Theespan wat eintlik vir die oorwinning van die dag gesorg het, hartlik geluk. Maar ook aan al die spanne wat tweede gekom het: Ons weet dat u u bes gedoen het en dat u tog in u spel die naam van ons Alma Mater hoog gehou het.

Op U.O.V.S. moes ons hoor dat toe die uitgawe van DIE WAPAD daar verskyn het met die opskrif op die voorblad: „Die Wapad vanjaar tien jaar oud", het iemand gesê: „Ja dis hoog tyd dat Die Wapad nou geteer word." Solank daar maar nie vere by die saak ook betrokke is nie, sal ons maar voortgaan om te sien of ons nie Die Wapad kan teer nie. Ons wonder maar net hoe gaan die IRAWA daar uitsien as hulle dalk aanstaande jaar weer lus het om die Intervarsity-uitslae van die afgelope paar jaar te publiseer.

Daar wag nog groot dinge op ons hierdie kwartaal, Pukkies. Laat ons maar die rieme styf hou en die bokant blink maak. Alle sterkte!

Groetend,

E. J. Smit (Hoofred.)

# BRIEWEBUS

## Geloofsleerklas.

Presidentstraat 16,
Potchefstroom.
16 Mei 1956.

Meneer die Redakteur,

Met verwysing na my brief in u uitgawe van 18 April spyt dit my dat daar van owerheidsweë misverstand mag ontstaan het oor my brief.

Ek wil hier net vermeld dat die Rektor reeds teen die einde van Maart soos hy my meegedeel het **met die** betrokke dosente gereël het **dat die kollege nie op daardie klasperiode voortaan sal waargeneem word nie.** Omdat ek egter bewus is dat die studente nie heeltemal gelukkig was oor die staking van die klas nie, het ek as student aan medestudente 'n openhartige woord van positiewe opwekking gerig.

Voorts kan ek op gesag van die Rektor vermeld dat die handeling van die dosente i.v.m. die reëling van die kollege bona fide was, daarom wil ek graag verskoning aanbied as ek onbewus die dosente met my goedbedoelde brief 'n onreg aangedoen het.

Hein Kruger.

## Ontgroening.

Postmahuis,
11 Mei 1956.

Geagte Redakteur,

Vergun my enkele opmerkings oor die brief van Mej. Y. Roux in „Die Wapad" van 9 deser.

As mej. Roux daarin roem (heeltemal tereg) dat sy gewerk het voordat sy Puk-toe gekom het, het ons 'n aanknopingspunt: Ek het ook gewerk voordat ek hierheen gekom het. Dat dit waardevolle ervaring was, wil ek aan haar toegee.

Laat my toe om verband te bring tussen die „inlywingsaksie" op kantoor en dié op die Universiteit.

Ek ken geen Utopia sonder „inlywing" (soos die skryfster blykbaar wil hê nie). Niemand het my die eerste dag op kantoor met 'n geliefkoos en 'n gekus om die hals geval nie: Nadat hulle die „nuwe junior" met meewarige blikke begroet het, moes hy die rekordkamer en sy inhoud gaan afstof (Ek het my ou kantoorpakkie jammer gekry). Ek het egter geblaai en gelees in die rekords. Ek het ook geleer uit hierdie antieke voorbeelde van die lopende kantoor-roetine. Ek is gehiet en gebied en gestuur totdat ek moedeloos was oor my gekrenkte waardigheid.

Ek kon egter na 'n paar maande (al my senior klerke het bedank) die leisels oorneem en „juniors" touwys maak. Uit die inlywingsaksie het ek geleer hoe om senior te wees.

Op Universiteit is ek weer ingelyf in die studentelewe se organisasie en roetine.

My ou skraal persoonlikheidjie het hierdeur ietwat lyfaangesit: My roeping in die studentelewe was (so het ek geleer) om my eie persoonlikheidjie te probeer vergeet en in te skakel by die spangees. Danksy die inlywingsaksie het ek geleer om my eie waardigheid te vergeet en my geringe gewig oral in te gooi en sodoende die wa op die bult te bring.

Dit is nie soseer alleen met die inlywingsaksie wat ek my medemens krenk nie. Ek doen dit elke dag bewus of onbewus (en dit sonder die humor van die „inlywing") Ek het dus die bietjie leed wat my aangedoen is al lankal vergeef.

My gewese ouhere en kantoorseniors sien ek met broederlike liefde aan en almal is my vriende.

As die „ouhere" destyds deur die inlywing vermaak is, ek ook: Hulle het juis toe hulle tekortkominge blootgestel. Ek het juis nie my selfvertroue verloor nie, omdat hulle my gelyke was wat tekortkominge aanbetref. Ek het hulle gerespekteer om hulle meerdere kennis en ervaring van die studentelewe.

Siedaar, 'n inlywingsaksie gee mens perspektief wat onmisbaar is. Juffrou Roux, kry 'n bietjie perspektief op en by u ervaring.

Dankie vir plasing,

Tokkelok v.d. Walt.

Mnr. Droomer: Aangesien al u argumente gerig is op die bespreking van die massa-vergadering, moes u dit daar behandel het. Ons kan u brief daarom nie plaas nie.

—Red.

Postmahuis,
14 Mei 1956.

Hoofrekteur,
„Die Wapad"

Geagte Heer,

Dit is verblydend om te sien dat die kwessie van Inlywing soveel aandag geniet het. Dit is goed dat gedurig rekenskap gegee word van die waarom's en hoe's ook van dié sake waaroor die mate van twyfel gering is. Trouens die waarheid hoef nooit weggesteek te word nie.

Vir oulaas kan miskien 'n misverstandjie of twee uit die weg geruim word. Want die twee briewe in **Die Wapad** van 18 April en 9 Mei is vol daarvan.

### INLYWING OF ONTGROENING.

In die eerste plek die doelbewuste flousery om „ontgroening" nou kwansuis „inlywing" te wil noem. Of u dit nou wil weet of nie, ontgroening aan die P.U. vir C.H.O. is afgeskaf. 'n Duidelike bewys daarvan sien u voor in die Jaarboek tot en met 1954. Tot op datum is hierdie besluit nog nie deur ons universiteitsowerhede herroep nie, en het die kennisgewing nie meer voor in die Jaarboeke van 1955 en 1956 verskyn nie. Dit behoort al reeds genoeg te wees om dit bo alle twyfel te stel dat wat ons vandag het, nie ontgroening is nie—die owerhede sal tog immers toesien dat hulle besluite uitgevoer word.

As u in die tweede plek egter 'n volbloed ontgroening — soos in die dae van die P.U.K. vir C.H.O. — met ons inlywingsaksie vergelyk, sal die onwaarheid om die aksie van bv. 1956 met die eerstejaars as ontgroening te wil bestempel, u dadelik in die oog val. Miskien is dit goed om jouself eers terdeë te vergewis van wat ontgroening werklik is, voor mens wil suggereer dat „Inlywing" slegs „'n nuwe benaming" vir „ontgroening" is. Om 'n Outjie 'n Puk te noem, maak nog lank nie van hom 'n Puk nie: en net so verkeerd as dit is om „ontgroening" „inlywing" te wil noem, is dit om „inlywing" „ontgroening" te wil noem.

**Noem 'n ding liewers by sy naam: en praat dan van ons huidige aksie aan die begin van elke jaar as „inlywing."**

### BEWERINGS EN FEITE.

En voor 'n mens stellings soos „en vind daar agter die skrems nog maar dinge plaas wat sterk af te keur is" „die meeste seniors ontgroen maar net om hulle verborge drange om ander te bullebak, te bevredig" en „daar bestaan nie so-iets as 'n matriekkompleks nie" die lug in stuur, moet jy darem ook met die feite rekening hou en so hier en daar in ou bewysie probeer insleep — al het jy bloedweinig, indien enige, vir jou saak. Dit geld in nog sterker mate as sulke ongegronde bewerings ernstige aanklagte inhou teen die grootste deel van ons seniorstudente (kwansuis bullebakke), die Studenteraad (blykbaar 'n spul flousers), die eerstejaars (wat dan 'n onwaarheid moes kwytgeraak het toe hulle onomwonde die waarde van inlywing om hulle matriek-kompleks te verwyder — iets wat glo nie bestaan nie — erken het), en ons universiteitsowerhede (wat hierdie „misstande" nog nie lankal uit die weg geruim of vir die kat gegee het nie).

Die Studenteraad het in **Die Wapad** van 18 April belowe om met feite op die bedenkinge van die anti-inlywers te antwoord. Die omvattende Studenteraadsverslag oor die Inlywing van 1956 is ter insae van alle studente gestel. **Opvallend is dat nie een van die drietal anti-inlywers enigsins kom loer het wat in die verslag vervat is nie.** Blykbaar interesseer 'n omvattende oorsig van die **feite** hulle hoegenaamd nie. Feite is nogal geneig om 'n mens se spekulasies en fout-vindery aan bande te lê. Maar as jy nie eers bereid is om die saak uit 'n enigsins ander oogpunt as jou eie — en dit dan deur 'n bril waarop „skande" en „gruwelikheid" in groot letters geskrywe staan — te sien nie, moet jy ook nie sleg voel as die aantal bekeerlinge na jou geledere en diegene wat waarde aan jou bewyslose beweringe heg, zeer zero is nie. (Terloops, die Studenteraadsverslag is nog ter insae, ook vir die drietal anti-inlywers.)

### VERPLIGTE BYWONING.

„Ten slotte . . . . word eerstejaars wel deeglik nog gedwing om elke moontlike vergadering en sportbyeenkoms by te woon" Ek het reeds by herhaling gesê dat **die Studenteraad geen dwang op geen eerstejaar uitgeoefen het om enige byeenkoms — self nie die inlywingsaksie nie — by te woon nie.** Om te dien as 'n gedeeltelike toets van die eerstejaar se belangstelling in die studentelewe word wel by sekere geleenthede waar van hom verwag word om teenwoordig te wees, kontrole gehou. Na die inlywingsperiode — toe kontrole gereeld gehou is —is die presensie-kaarte nog slegs by twee geleenthede gebruik. As 'n eerstejaar egter nie teenwoordig wil wees nie, is dit sy saak — nie die Studenteraad s'n nie.

### TEN SLOTTE.

Niks is volmaak nie — ook nie die inlywingsaksie nie. Kom dan met positiewe gedagtes. Doen liewer 'n meer volmaakte plaasvervanger aan die hand as om eie gebreke—bv. die stereotiepe gebrek aan liefde jeens jou mindere" tussen die gebreke wat inherent in die stelsel aanwesig is en dié wat as't ware daaraan vasgekoppel kan word as die teuels nie styf gehou word nie. En lees die Bybel in sy volle openbaringsperspektief sonder om sektaries skrifgedeeltes uit hul verband te wil ruk en as slagspreuke voor te hou.

Totdat iets beters aan die lig gekom het — en tot dusver het nog niks van hierdie aard gebeur nie — bly **die inlywingsgedagte as voorbereidende opvoedkundige proses wat in liefde en met veel opoffering van die kant van die inlywers geskied,** die enigste antwoord — al is dit dan ook nie volmaak nie — op die oorgang matriek-universiteit en die ingaan in 'n nuwe sfeer. Hoe fataal dit is om die inlywingsgedagte te verwerp sonder om dit deur iets meer positief te vervang, word dag na dag deur veral die studente van ons mede-universiteite aangevoel.

Mag daardie dag nooit aanbreek vir die P.U. vir C.H.O. nie.

Hoogagtend,

Tjaart van der Walt.

Hiermee word korrespondensie oor hierdie saak afgesluit.—Red.



# Brokkies uit die Kunswêreld



## Helen of Troy die moeite werd

Om „Helen of Troy" te kan geniet, moet 'n mens jou op die Amerikaanse filmgees kan instel. 'n Mens moet hier nie die fyn innerlike dramatiek soek wat in Homeros se verhaal bereik word deur die klem te laat val op die uitbeelding van karakters nie. Inteendeel, die Amerikaners streef weereens na dramatiek in die grootse opset van die verfilming, en die karakters bly bykans deurgaans Amerikaanse filmakteurs en -aktrises.

Hoewel die klem wat daar op die vertoon gelê word, miskien juis die werklike dramatiek laat verlore gaan, besorg dit tog 'n grootsheid aan die film wat selde bereik word. Die uitbeelding van tonele soos dié van die Trojaanse skip op see en die bestorming van die Trojaanse mure met al die verskillende oorlogstuig, is baie indrukwekkend en interessant. Ongelukkig volg die indrukwekkende tonele veral in die begin, so vinnig opmekaar dat dit byna 'n oorweldigende effek het, en ook die oorlogstonele is te lank gerek. Hierdie tonele asook dié van die houtperd en 'n paar terloopse blikke op die Trojaanse stad en Griekse geboue, gee die agtergrond van die verhaal baie goed weer.

Aangesien die opset van die verhaal van Homeros te breed is om in een film vervat te word, sou dit sekerlik goed gewees het as daar meer op één dramatiese hoogtepunt gekonsentreer is, byvoorbeeld die verwoesting van Troje, deur al die gebeurtenisse in 'n spanningslyn daarheen te laat opwerk. Daar word nietemin daarin geslaag om aan die verhaal 'n deurlopende motief te gee deur die idee van „destiny" dwarsdeur te laat weerklink. Hulle wys hoe die omstandighede altyd maar onverbiddelik daarop uitloop dat Troje en Sparta in oorlog teenmekaar te staan kom. Hoe Menelaus se jaloesie Helena en Paris na mekaar dryf totdat Paris haar uiteindelik ontvoer — dit, terloops, is nie 'n gebeurtenis uit die oorpronklike verhaal nie, maar in hierdie geval nietemin 'n geslaagde aanvulling — en hoe die daaropvolgende oorlog, toe die eerste stap eers geneem is, onkeerbaar voortduur.

Die persone in die hoofrolle lewer baie middelmatige spel, en Paris veral bly maar die tipies romantiese Hollywoodse filmheld in plaas van die swakkeling en vroueliefhebber wat hy werklik is. — Op grond van hierdie laaste karaktertrek van hom kan ons aanneem dat die voorstelling van sy verhewe liefde vir Helena in die film oordrewe is en dat daar te veel klem op die liefdeselement van die verhaal gelê word. In 'n paar gevalle word daarin geslaag om karakters goed te tipeer, veral in die geval van Achilles, die verwoede krygsman, wat vol triomf die liggaam van Hector om die mure van Troje sleep. Ook Menelaus, die swakkeling, en ander van die Griekse konings is redelik goed gekarakteriseer.

Die slot van die verhaal is weer eens onsuiwer, want dit word bederf deur die Amerikaner se ‚oordoenerigheid'. Instede van strakke dramatiek vind ons sentiment wanneer Helena en haar gestorwe minnaar in die gees liefdeswoorde wissel. — Wel 'n ontroerende slot vir 'n ontspanningsroman, maar tog seker nie paslik in die grootste dramatiese verhaal van die Griekse literatuur nie!

Hoewel die film miskien nie aan alle verwagtings voldoen nie, is die opnames so 'n groot sukses en kom daar soms, ten spyte van die Amerikaanse atmosfeer wat telkens die kop uitsteek, sulke verrasende Griekse trekkies tevoorskyn waar werklikheid en mitologie verbind word — ek dink hier veral aan die fantastiese toneeltjie van die dansende figuurtjie wat soos 'n klein triton onder die yl geklank van 'n fluit in die verte wegraak — dat dit beslis 'n aand se verwaarlosing van die akademie regverdig.




VREUGDEDAG

## DIE PUK, INTERVARSITY EN DIE PAWILJOEN.

Terwyl **Alfa de Klerk** soos 'n bosluis agter wyle ou **Dr. Broom** se oor gaan kuier het, het ou **Schalk** weer hier duskant sy Sloan's Liniment of te wel smeergoedjies reggekry.

Wat meer is: Terwyl op **Tiepie** oftewel **Gatiepie** homself van agter opgewen het om van voor te kan dirigeer om sodoende die ou moppie voor hom opgesweep te kry, het ou **Loot** geen moeite ondervind om die gees in Puk-geledere te laat opvlam nie.

Nee, die Pukke het op die pawiljoen tekere gegaan soos 'n steeks „ford" wat die ruik van I.C.-plus gekry het: Hulle het eers gestol toe gebrul en weggetrek met 'n oorverdowende lawaai. Dit was 'n lus om te hoor hoe hulle sing, lag en skreeu. Dit was nie 'n moeilike taak om te sê wie die Intervarsity op die pawiljoen gewen het nie.

Dit alles het gebeur terwyl Theos die amok van die jawiljoen op die veld opgevolg het.

'n Lekker Intervarsity, 'n pawiljoen in beroering. Die gevolg: 'n Seerkeel!



VREUGDEDAG

**TURKSTRA BAKKERY**

Raadpleeg ons vir . . .

- BRUIDSKOEKE,
- BROOD

en

- ALLE KOEKSOORTE.

ELKE DAG VARS . . . !

**INGRAM SE BOTTELSTOOR**

INGEVOERDE en KOLONIALE

- Wynsoorte

en

- Spiritualieë

# Operatio Doriano.

(Oorgeneem uit die „Askalon Mirror).

'n Vergadering van die V.V.D.V.V.S.A.T.D.D.O.O.P.M.D. O.O.S.A.E.A.P. (Vereniging vir die verbetering van Sosiale Aangeleenthede tussen Dore, Drake, Oudames, Ouhere en Professore met die oog op Sleepaktiwiteite en ander pilsiere) waarby ingelyf is die T.S.V. (Tradisionele Swetsvereniging) en die S.S.B. (Sleep en Spyker Bond) is onlangs in die M.P.J. (Mal Proletariaat Jeug) saal gehou.

Die vergadering is bygewoon deur mnr. Pietros Boumanoff-Klerkski R.I.P. (Ere-president, voorsitter en President van Konvokasie en Blokasie) en mnr. Idy la Walti R.S.V.P. (Vise-ere-president, sekretaris en respondeur van konvokasie en blokasie).

Nadat die voorsitter die teenwoordige lid verwelkom geheet het, is die notule voorgelees en eenstemmig is besluit dat dit 'n mooi notule was.

Hierna is die enigste punt op die agenda, nl. die verbetering van sosiale aangeleenthede tussen dore, drake, oudames, ouhere en professore met die oog op sleepaktiwiteite en ander pilsiere, bespreek. Na 'n heftige bespreking waarby ook ronde appels as argumente gebruik is, is besluit om 'n commitio aan te wys om die saak, op aantaslike wyse te ondersoek. Mnre. Pietros Boumanoff-Klerkski en Idy la Walti is aangewys as lede van die commitio. Na 'n staking van stemme — die voorsitter moes sy beslissende stem gebruik om ook in tel te kom — is die probleem van 'n convenor opgelos deur te besluit op 'n rotasieskema. ('n Rotasieskema is die skema wat dikwels deur ouhere gebruik word as hulle by die dameskoshuise sleep.)

Op hierdie stadium, het 'n prikêre toestand ontstaan, toe die sekretaris op vodka-euse wyse uitgepass het, en die vergadering is verdaag om 'n dokter te onbied.

Hier volg nou die verslag van bogemelde commitio in sake die vermelde „case":—

Nadat die twee convenores mekaar bymekaar geroep het, het hulle eenparig besluit dat:

(i) Drake geen skuld het aan enige sosiale onenigheid nie, aangesien hulle in hulle staat van onskuldigheid geen beduidenis het van wat die woord **sosiaal** beteken nie, en ook nie kennis besit van die aksie wat daaruit voortvloei nie;

(ii) Oudames ook nie skuld hieraan het nie. Hulle neem nie, of behoort altans nie, die inisiatief te neem nie.

(iii) Ouhere hulle ook nie op hierdie gebied vergryp nie. Assynde ouhere opsigselwers en as inisiatieflike wesens, het die commitiolede bostaande konklusie om persoonlike en/of onpersoonlike redes getrek.

(iv) Professore, om Bartiaanse taal te gebruik, skuldig is en ook nie skuldig is nie, omdat hulle

(a) gegrief voel omdat studente nie soos in die verlede dikwels visitasie kom doen nie. Verder maak hulle wel 'n opening of te wel 'n „gêp" (die sekretaris was skaam om die regte spelling te gebruik) vir sosiale verkeer tussen student en studente tydens babasittery,

(b) 'n president skep, in contradictio met bostaande verontskuldiging, deurdat hulle, wanneer hulle op dreef is in hulle mobiele-eenheid deur die strate nie op die gesette tyd, nl. 6.45 tot 7.30 nm., hulle hêdlaaits verduister nie.

**Recapitilatio:**

Gesien in die lig van bostaande feite is dit opgelig dat daar alleen een party of 'n ding skuldig is aan vergryping van bogemelde „case". Die skuldiges is dus desnieteenstaande overmits die skynengeltjies met hulle swart vlerkies: DIE DORE!

Die twee commitiolede was baie ontroerd oor die tragiese toestand van sake en nadat hulle sorge in die vodka versuip het, het hulle hulle „grieves" in digterlike tongval uitgestort op die wysie van die „Brakke van Turffontein".

Daar's 'n hele spul Dore op P.U.K.,
Daar's 'n hele spul Dore wat ek wil vra;
Daar's wittes en daar's swartes @
Daar's alles wat 'n hart is.
Daar's 'n hele spul Dore op P.U.K.

Maar as ek een wil vra,
Begin my hart my pla,
Dan draai ek om
en ek word skoon stom,
En ek dink maar eers weer na.

Daar's 'n hele spul Dore in Thaba 'nKul",
Daar's 'n hele spul Dore wat ek wil woel,
Daar's wittes en daar's swartes, @
Daar's alles wat 'n hart is,
Daar's 'n hele spul Doro in Thaba 'nKul'.

Maar toe ek een wil vry
Toe sê sy mos vir my,
„As jy aan my vat
dan gooi ek jou nat!"
Toe gaan ek maar na Jäh.
Daar's 'n hele spul Dore in Thaba Jäh,
Daar's 'n hele spul Dore wat ek wil hê.
Daar's mooies en daar's rooies,
Daar's alles wat 'n nooi is,
Daar's 'n hele spul Dore in Thaba Jäh.

Maar toe ek een wil vra,
Toe sê sy gladnie na,
Sy sê: „Gaan weg,
want jy's te sleg!"
Toe gaan ek na die ,Hof. &

Daar's 'n hele spul Dore op P.U.K.,
Daar's 'n hele spul Dore wat mooi optof,
Daar's mooies en daar's rooies,
Daar's alles wat 'n nooi is,
Daar's 'n hele spul Dore in Klawerhof.

Maar toe ek een wil wys, £
Dat ek met haar wil kys,
Sê sy vir my,
„Jy wil net vry."
Toe gaan ek maar verby.

Daar's 'n hele spul Doro op P.U.K,
Daar's 'n hele spul Dore wat ek wil vra,
Daar's wittes en daar's swartes,
Daar's alles wat 'n hart is,
Daar's 'n hele spul Dore op P.U.K.

En as jul ons nou vra,
Wat is dit wat ons pla,
Dan sê ons gou:
„Ons soek nog vrou,
uit al die Dore vannie P.U.K.!"

**Verklarende aantekeninge:**

@ Met betrekking tot hulle hare en nie hulle velle nie.
& Digterlike **vryheid** vir Klawerhof
£ Digterlike vryheid vir wysmaak.

O. K. BAZAARS
Waar Suid-Afrika koop !

DIE O.K. BAZAAR HOU DIE MARK ELKE DAG DOP VIR WINSKOPIES WAT ONS LAER PRYSE STEEDS LAER LAAT DAAL.

DEUR ONS WINSKOPIES BESPAAR **U**

Koop kontant en bespaar
O. K. Bazaar, Potchefstroom

Foon **404** Posbus **102**

# Mense op die voorgrond tydens die Intervarsity .....en VRAE....

Fanus „slangetjie" Blom, bekende Theos vleuel en U.O.D. student, is by die dinee en die oggend daarna, in die geselskap van die tennis-hokkiespeelster, Jo Schoeman, opgemerk.

Marieta du Plessis, die dogter uit Thaba Jäh, waar die goeie gees heers, vergesel een van Dawie Doep se apteekers, Johan van der Walt, na Bloemfontein en terug. (Kan Johan 'n meisie so goed soos 'n swaard en 'n vliegtuig beheer?)

Verder bemerk ons dat, Steyn de Lange, nie net op die voetbalveld van plan kan verander nie, maar ook wat sleepplek aanbetref. In die geselskap van Marietjie Theron, is hy nie by die dinee aangetref nie maar in die fliek. (Wat was lekkerder by die fliek as by die dinee?)

Marina Scheepers 'n gekysde U.O.D. studente, het die gekysde dirigent van U.O.V.S., Tiepie van den Heever, met 'n groot glimlag gekus. (Was die glimlag te wyte aan die snor se kielie of . . . 'n verbeeldingskus van Hekkie)

Ons geëerde S.R.-voorsitter en Theos-vlagman, Tjaart van der Walt, is tot vreugde van sy skoonouers en die Pukke in die geselskap van Babie Snyman, onderwyseres op Potgietersrust, bemerk. (Wat het Tjaart nog 12-uur, die nag van 12—13 Mei, in die treingang gemaak?)

Theosspeler, Bussie Botha, is die naweek in die geselskap en kompartement van die 1956 „Goldrush" wenner, Magdaleen Bekker, bemerk. (Gaan hy ook „rush" of gaan hy val vir die „Gold?").

Die Engelse Afrikaanse Student, Jeremy Ambler en sy kamera, is telkens aan die sy van Ansa Bingle, dogter van een van die P.U. se opvoedkundiges, opgemerk. (Is dit die praktiese deel van sy Afrikaanse kursus?)

Die Theos-Wes. Tvl.-senter-vleuel, Nokkels Fourie, is weereens in die geselskap van Mej. Niemand opgemerk . . . . die mense begin glo noual regtig te wonder. (Wat sal die uiteinde wees?)

Nadat Piet Aucamp, bekende Gatland-laatslaper, Koeloe se voordeurklokkie die afgelope paar weke uit orde gelui het, is hy weer saam met Leonie Heslinga die naweek saam gesien. (Wanneer sal hulle twee ook 'n voordeurkode uitvind?)

Kort en Lang Stonie Steenkamp is altwee in die geselskap van Van der Walts opgemerk, Louise en Hantie. (Is dit nodig omdat hulle twee se vanne dieselfde is om nog met dames met dieselfde vanne te sleep?)

Vandat Joan Erasmus op Intervarsity met „Rembrandt" deurmekaar was, moet sy 'n pleister op haar ken dra! (Was dit die herontmoeting, of was die Rembrandt twak te sterk.

STEL U VOOR:

1. Wimpie van der Ahee met 'n snor.
2. Steyn de Lange in dié nuutste A. lyn mode uitgedos.
3. Makkink in 'n Skotse rokkie.
4. Thaba Jäh as 'n koshuis vir oujongkêrels met:
   (a) Casper Lessing as matrone
   (b) Nokkels Fourie as „Lead-prefect"
5. Fiefie as Ewart Potgieter se volgende teenstander.
6. Peet Coetzee in 'n woestyn waar geen meisie is nie.
7. Joan Aucamp as S.R.-voorsitter
8. Biebie Chapman sonder 'n stywe knie.
9. Betsie Campher sonder 'n eendestert.
10. F. W. de Klerk besig om niks te doen nie.

Gevolge van 1956.

As gevolg van 'n skrikkeljaar, het ons gehoor dat:

Steyn de Lange nou nog aan 'n hoogtekomplek ly nadat hy met Bernice klaar was;

Bussie Bothma nie wil verstaan hoekom hy en Rietsie Chapman nogal mooi bymekaar pas nie;

Awie Helberg nogal bang is vir skrikkeljaar en dan ook vir laatverlof. (Wat het Rita gedoen?);

Prof. Snyman nogal vies was vir Tjaart (Hoekom?)

Stonie wens dat Sêra hom weer wil skiet oor al die tjoklits.

GEKYSDES:

Anybody can be angry, that is easy; but to be angry with the right person, and to the right degree, and at the right time, and for the right purpose, and in the right way — that is not easy.

Koeloe,
POTS.
14 Mei.

Lievste oom soois en tant fya,

Dis darm heerlik om mens ti is en ok om weer trug op Pots te wees. Ekkit mos fir oom firtel latik Blomfontein toe gaat en latik weer trugkom. Hi mens kan nou weer asimhaal want oppie anner plek fertrappie moutirs ennie mensi hi annir mens maklik.

Nou willik eers fir oom fan allie sports firtel. Oe oom, dit was ti lekkir fir woorde . . . . ons het gesing en geskrou en gespeel en gesmaail en ge-allis. Baija fannie kinners si kele was jees geskrou ommie anner aan ti spoor om hi sjou op ti sit wat hille dan ok gidoenit. Nous ekkie seker ofik oom gesê het latik netbol gespeelitie. Oom moetie dink lattie bol fannie manteriejaal gemaak issie, aikôna, is ok maar hi bol sos hi anner bol. Hier oppie peeika speel ons korfbal maar firrie ientirwarsitie moes ons netbol speel. Al het ons tweedi gikom, het ons ok hi sjou opgisit.

Mettie foetbol wassit hoge sports. Jissie oom, die bol het net sossie „whit," tissinie stokwaaiers, oppie felt tissinie spelirs rontgeflieg. Ons dirgenti, skalk buis en loot millir was op hilli stikki en hetie annir ous elki maal op hilli mont lat fal. Daai loot si naam klinkie ferniet so na houtie want hy kan hi stok swaai!

Ons eersti foetbolspan het net so hi sjou sossie dirgenti opgisit. Die kaptyn stounie steenkamp ennie anner ous sos kort stounie steenkamp (Hilli issie boeties nie wantie een si naam is johannis ennie anner een is willim ennie een is swartir assie anner een ennie een is korter assie anner een) saammit styn dilangi (wat so groot is lat hei sommir 2 annir si plekke kan folstaan) bussie botma (fannie nelsprytsi botmas wattie limoeni sommer sos niks firrie farki foer) at slintirs (wattie seens sommir yt sei pat slingir . . . . nou wonnirik hoekom is sei naamie at slingir nie?) en nog hi heli anner spul, hettie blomfontyn spul so gewen lat hilli dit nou noggie kan firstaanie. Ons was ampir mal fannie vreegdi ennit het sos hi ientirwarsitie-vreegdidag geleik.

Onssit mettie tryn gerei ennit was ok lekkir firal omlat ek loshanne kon rei. Oppie tryn het ok baija dingekies gebeer maar eks ti skaam om als ti firtel. Ek sillie firbaas wees as daar hi heli paar niewe kysse issie. Oom weet mos fan als.

Nou sal oom ok dink latik nettie seens fannie plek ken maar om oom ti weis lat oom hi eislike vout maak, wil ek oom fan hi paar dogtirs iets sê. Hiers enekie wat yt syt wes kom en baija sterk is. Sei is so taf fan allie biltongsenings ennie spe'ekies mettie wille boesmans. Seis biebie tjepmin en is mariena se kamirmakie. Yntlik is sei gertryda maar ons sê almal biebie of kwattie.

Nog een fan syt wes is marieta plesie, seis nie so sterk sos biebie maar seis weer sterk mettie mont. Sei konnig alteit goet innie eetsaal af assie anner ti skaam is en sei vra binste bei allie pirfessirs namins die annir stoedinti as hilli te bang is. Hi annir enekie is bettie-linne enseis ynaardig . . . As sei nie laggie, praat sei, en sei nie praatie oi laggie dan pla sei allie seens bihalwi diekie pittir wat haar besti seensmaat is. Oom soois seis nie ytspattigie maar fol ennirgie.

Oe oom, fannie opgewondinhyt het ek ampir ti feel gesê. Nou sil ek maar totsiens en groetnis sê.

MIEKIE.

N.S. Eks alweer hongir en omlat mei ou kossies innie kamir op is, moet ek maar innie koshys eet. Baija dankie firrie koekies fan eergistir. Dit was hi plisier ommit op ti eet.

FLEURETTE BLOEMISTE
Kerkstraat 91,
POTCHEFSTROOM.
SPESIALE AFSLAG AAN STUDENTE.

OOSTHUIZEN
Kole-agentskap.
Kerkstraat 70 — Telefoon 312
POTCHEFSTROOM.

PRO REGE-PERS
Boekhandel
en
Antikwariaat.
vir al u
Wetenskaplike Boeke en Skryfbehoeftes.
Kerkstraat 59 — Telefoon 1164

# Ander Intervarsity-Uitslae.

## Jukskei.

Die twee jukskeispanne van Puk het nie te goed gevaar met die Intervarsity teen U.O.V.S. nie. Albei spanne het sterk teenstand op die lyf geloop en na 'n uur moes albei die vlag stryk. Die A-span het verloor met 'n telling van 2½ punte teenoor U.O.V.S. se 12½ punte. Nieteenstaande hierdie groot telling het J. Blignaut, kaptein van die Pukke, nogtans puik vertoon en het die Pukke moedig teruggeveg. Ook die B-span onder leiding van Johan Britz het dit ongelukkig getref en moes met 'n telling van 13—2 teen hulle tevrede wees. Hierdie jukskeikragmeting was aanvanklik onoffisieel maar is later offisieel verklaar.


## Dameshokkie.

Die eerste dameshokkiespan het Saterdag na 'n harde wedstryd verloor teen U.O.V.S. met 'n telling van 1—0.

Dit was 'n besondere harde wedstryd en die agterlyn het hulle meesterlik van hulle taak gekwyt. Die uitblinkers hier was **Rietsie Chapman** die doelwagter, wat talle goeie houe afgeweer het, Cecile Smit en Ronel Bruyns wat min balle laat verby gaan het. Die voorlyn kon nie die bal deurvoer nie en hulle slaankrag was ook swak.

**BENOUDES.**

Die Benoudes se neerlaag met 'n telling van 7—0 was 'n direkte weerspieëling van hulle naam. Ook hier het die fout by die voorlyn wat baie swak vertoon het, gelê.



Dawie du Plessis

## Tennis.

Vir die eerste keer in die geskiedenis van die Puk het ons tennisspanne die Oukies terdeë gewys waar Dawid die wortels gegrawe het. Ons het 'n oorwinning behaal met agt spelle op die gesamentlike groot-totaal. Die dames-spanne het op die groot-totaal met agt spelle verloor en die mans het met agt spelle gewen.

Daar is uitmuntende en opwindende spel gelewer. Veral Dawie du Plessis, Edelweiss Oosthuizen en Colinie Kruger het skitterend vertoon. Ook die kapteine, Jo Schoeman, en Johan Posthumus, kaptein van die mansspan het uitgeblink. Elke Pukkie het met hart en siel gespeel en die naam van ons Alma Mater hoog gehou.

## Tekkies en Fires oortuigend geklop

Die eerste twee veldslae in Rugby het die oggend op Polisieveld plaasgevind, waar U.O.V.S. se 4de span vir Tekkies met 14—3 en hulle 3de span vir Fires met 17—3 geklop het. Nogtans het hierdie uitslae daartoe bygedra om die gees hoër te blaas vir die hoofdis wat die middag op Vrystaat Stadion plaasgevind het.

## Manshokkie.

Die twee spanne van die Manshokkie het met die Intervarsity teen Bloemfontein wel nie te goed gevaar nie, maar tog in 'n baie aangename gees gespeel. U.O.V.S. het die eerste span 3—0 gewen en dit kan veral daaraan toegeskryf word dat hulle stokwerk van 'n besonder hoë gehalte was. Die Pukke het hulle egter soms harde bene laat kou en was 'n paar keer net ongelukkig om nie deur te kom nie. Die uitblinkers van die Pukke was veral Christie Coetzee en Wiese wat pragtig verdedig het en hulle aanvalle telkens in die war gestuur het. Hierdie wedstryd teen U.O.V.S. kan egter beskou word as waardevolle ondervinding met die oog op die toekoms.

Die tweede span onder leiding van Peet Duvenage het ook 7—0 verloor. Die Pukke se verdediging was hier veral lamgeslaan deur die kwaai aanvalle van U.O.V.S. se middelvoor met sy twee ondersteuners langs hom.

## O/19 kry slae.

In 'n wedstryd wat nooit aan die verwagtings voldoen het nie, het die o/19-span van U.O.V.S. die Pukkies met 6 punte teenoor 0 die loef afgesteek. Ongelukkig kon die gedugte P.U.-o/19-span, wat kort vantevore nog 'n mooi oorwinning oor Wits behaal het, gladnie op dreef kom nie, en het hulle selde indien ooit gevaarlik voorgekom of mooi rugby gespeel.

## Netbal.

**EERSTE SPAN**

Alhoewel die telling 18—4 was, is dit nie 'n weergawe van die spel nie. U.O.V.S. se span was sterk maar indien die Pukke net kon slaag om nie hulle voete te verroer, as die bal in hulle besit was nie, sou die telling ook gunstiger vir Puk gewees het.

Die samespel in beide spanne was skitterend, veral tussen verdedigers en senters. Telkens het 'n voet egter gegly of die landingsvoet het geroer en die twee doele moes dan maar net kyk hoe die bal teruggaan. Die doele was in staat om net so goed soos U.O.V.S. se dames te gooi.

Feit bly egter staan dat U.O.V.S. beter as ons netbal kan speel. Volgende jaar met korfbal sal hulle weer les opsê!

**TWEEDE SPAN.**

Die uitslag hier van 14—3 is nie te sleg as ons in aanmerking neem dat die Puk-dames net korfbal gewoond is en dat baie streng op foute geblaas is. As geheel het die span die verdediging agterweë gelaat en as die senters veral beter gekyk het waar hulle gooi, kon die telling hoër gewees het. Die doele was beslis instaat om punte aan te teken.




„Elke Sigaret 'n Meesterstuk"

Rembrandt is 'n mengsel van ryk beleë virginiese tabak; gewaarborg 100% suiwer, eerstegraadse blaar

Rembrandt

KURK, ONGEKURK OF FILTER
STANDAARD EN VAN RYN GROOTTES

*„Die sigaret wat u altoos graag wou rook"*

Kopiereg RA136 XZZ